# Teaterkunde: Teorie 322 (TNT 322)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Programme** | BDram |
| **Voorvereistes** | TNT 111 of TNT 122 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Drama |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
*Hierdie module bied ’n keuse tussen Intermediêre uitvoerendekunstebestuur en Intermediêre teater- en optredestudies
Intermediêre uitvoerendekunstebestuur: produksiebestuur en bestuur van die kunstenaar
Onderhewig aan voortdurende vloei en verandering, sal die huidige stand van die uitvoerende kunste in Suid-Afrika (soos ingelui in TNT 111) in hierdie module heroorweeg word. Aspekte van produksiebestuur ten opsigte van organisasie en administrasie sal ondersoek word. Dit sluit onder andere in: die opstel en skryf van voorstelle en begrotings vir produksies/optredes. Om studente te bemagtig om ?n loopbaan in die industrie daar te stel, sal hulle kennis maak met die nosie om die self/kunstenaar as ?n produk en besigheid te bestuur. Dit sluit, onder meer, die bedinging van kontrakte in, samestelling van CV?s en portfolio?s, asook voorbereiding vir onderhoude en oudisies (in samehang met TNP 310).
of
Intermediêre teater- en optredestudies
In hierdie module sal studente ?n kritiese ondersoek instel na geselekteerde westerse en nie-westerse teorieë, paradigmas en praktyke van opleiding vir die akteur en uitvoerende kunstenaar, met spesiale fokus op beliggaming deur die kunstenaar. Die werk van deurslaggewende hedendaagse praktisyns sal ondersoek word om te bepaal hoe hulle benaderings en sisteme verband hou met tradisies van optrede, en hoe hulle ons persepsie en waarneming van die kunstenaar se liggaam/instrument in hedendaagse optredes verander het.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.